## *VERJAARDAE*

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| So | 10/05 | **Ina Roos** Wyk 7 |
| Ma | 11/05 | **Mabel Glöy** Wyk 12 |
| Di | 12/05 | **Elma Coetzee** Wyk 6 |
| Wo | 13/05 | **Lizaan Nortjé** Wyk 9 |
| Do | 14/05 | **Zurich Terblanche** Wyk 8 |
| Vr | 15/05 | **Ineke Bakker** Wyk 5 |
| Sa | 16/05 | **Jolene Stewart** Wyk 3 |

**Bede met meelewing:** Psalm 31:2, 12.

### DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.** 680 280 002 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: (FNB) Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723.

### WOONPLEK BENODIG

**Professionele persoon ( 53 )** benodig 'n woonplek te huur.
Tuinwoonstel, meenthuis of "granny flat " met 2 slaapkamers .
( 'n motorhuis sal 'n bonus wees )
Kontak asb Willem Serfontein 082 458 2612
wfp.serfontein@gmail.com



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 15 Sondag 10 Mei 2026
***Redakteur:*** **Rudy van der Spoel 082 864 4422**
rudynell@jenny.co.za

**Eredienste**: 09:30 en 17:00 — **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** — **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis: Paul Schutte** — **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** — **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste, kategese en Huis Eikelaan:**
**Ouderlinge:** Wyk 5 **Vakant** en Wyk 6 **Gerrit Badenhorst**
**Diaken:** Wyk 5 **Riaan Schutte** en Wyk 6 **Coetzer Stoop**
**Teebeurt:** Wyke 6 & 7: **Wyksusters:** Leané Landman en Anita Stavast

## EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens 9:30, aanddiens 17:00 Eredienste ook per whatsapp**

### OGGEND

Baie dankie aan br. Paul Schutte wat Meimaand die begeleiding waarneem. Ons is dankbaar dat u met vreugde en gewilligheid u gawes in diens van die gemeente tot eer van ons Here stel!

**Woordbediening:** Romeine 12:1-21.
**Fokusvers:** Romeine 12:1-2, 21.
**TEMA:** *God se barmhartigheid dring my om myself as offer in liefde te gee.*
**Sing:** Psalm 122:1; Psalm 116:1, 7, 9, 10; Psalm 50:8, 9, 10 (tweede melodie); Psalm 50:7, 11 (tweede melodie); Psalm 40:2, 3, 4; Skrifberyming 12-6 [90]:1, 2, 3, 4, 5 (melodie Psalm 100).
**Sing met meelewing:** Psalm 31:2, 12.

### EREDIENS om 17:00

**Woordbediening:** 1 Korintiërs 2; Titus 1:5-16.
**Fokusverse:** 1 Korintiërs 2:17; Titus 1:9, vgl. Handelinge 20:28.
**Kerkorde:** Kerkorde, art. 6.
**TEMA:** *Die Woordbedienaar dien in die kerk van Christus onder toesig van die ouderlinge en kan nie op 'n ander manier of by 'n ander instelling die Woord bedien nie.*

**Sing:** Psalm 131:1, 2, 3 (eerste melodie Psalm 45); Psalm 75:1, 6; Psalm 119:35, 48; Psalm 98:1, 2; Psalm 31:4, 12 (na die Wegstuurseën).

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir **Emeritaatsversorging**
Volgende week: Kerkkas.
**VANAAND:** Diens van Barmhartigheid (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**
Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.
Ons betuig innige meegevoel met br. **Rudy** en sr. **Nelly van der Spoel**. Br. Rudy se suster, sr. Sjaan de Jong, in Nederland, is onlangs in die ouderdom van 95 jaar oorlede.
Ons betuig ook ons innige meegevoel met br. **Gert van Blerk** en br. **Danie** en sr. **Marlise Stoop** en ook br. **Coetzer** en br. **Geert**. Br. Gert se seun, Chris, is Woensdagmiddag aan kanker oorlede.
Ons bid beide families ryke vertroosting toe in hierdie tyd van groot hartseer.

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:
Sr. **Suzie Marais** wat herstel nadat 'n kankergewas aan haar kopvel verwyder is.
Br. **Lourens du Plessis** moet op 15 Junie 'n afspraak met die ortopediese chirurg nakom.
Br. **André Joubert** wat nog sukkel met sy suurstofvlakke.
Sr. **Charlotte Henderson** wat 'n afspraak met die ortopediese chirurg gehad het en op 21 Mei geopereer sal word.
Sr. **Susan Nortjé** wat Vrydag 'n afspraak met die nefroloog sou hê.
**Prof. Callie Coetzee** wat tuis aansterk na die lobektomie wat hy ondergaan het en sr. **Susan Coetzee** wat ook in die afsienbare toekoms 'n buisruiling moet ondergaan.
Sr. **Ria Buys** wat palliatiewe sorg in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan ontvang.
Sr. **Ronel Erasmus** moet Maandag 'n afspraak met die chirurg in Pretoria nakom.
Ons doen voorbidding vir ons broers en susters wat in die onderskeie versorgingseenhede versorg word:
***Huis Eikelaan:*** Srs. Lily Pretorius, Mien Prinsloo, Emmarensia Stoop, Johanna van Vuuren, Ria Serfontein, Hermien van der Spoel en Willie van der Walt, br. Tjaart du Plessis.
***Ons Hulde:*** Sr. Rita Schutte.
***Groenwilgers:*** Sr. Annatjie Kruger.
***Huis Anna Viljoen:*** Brs. Peet Buys en Fanie Coetzee, srs. Nanna du Plessis, Jeanette Fourie, Marinda Snyman, Ronnie van Tonder en Tienie Venter.

**DANKBAARHEID**
Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

Sr. **Mandie de Klerk** het Donderdag berig vanaf die nefroloog ontvang dat haar nierfunksie nog baie goed is, en sy nie op hierdie oomblik meer dialise benodig nie.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**
Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

**HUWELIKSHERDENKINGS**
Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 10/05 | | Vergaderings (kerkraad, diakens) | Ou Kerkie |
| Di | 12/05 | 09:15 | Opening: TSP | Teologiese Skool |
| Do | 14/05 | 19:00 | Hemelvaart Erediens | Kerkgebou |
| So | 17/05 | | Nagmaal en gemeente-ete | Kerkgebou |
| Wo | 20/05 | 15:00 | Nagmaal Huis Eikelaan | Rooi Sitkamer |
| So | 24/05 | | Pinkstersondag | |
| Vr | 29/05 | 17:30 | Gemeenteaand en Hamburgerbraai | |
| Sa | 30/05 | | Emeritaatsversorgingskom-binasie-vergadering | Virtueel |

| KATKISASIE | Sondag 10 Mei | Sondag 24 Mei |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 11 | Les 12 |
| **Lesrooster:**<br>**Psalmvers:**<br><br>**Heidelbergse Kategismus:**<br>**Memoriseerwerk** | Rigters 6 & 7<br>Psalm 64: 7 (melodie Ps 45)<br><br>Sondag 38<br>Eksodus 20: 12 | Rut 1-4<br>Psalm 64: 7 (melodie Ps 45)<br><br>Sondag 39<br>Eksodus 20: 13 |

**BYBELSTUDIE** U word hartlik uitgenooi om by enige van die Bybelstudiegeleenthede in te skakel:

- Woensdagaand om 18:00 in die Ou Kerkie. Studie 3 van Romeine uit die boekie van prof. Jordaan, *Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament*, word behandel.
- Donderdagoggend om 10:30 bestudeer ons 2 Korintiërs 3: 7 e.v. en die toepassing word dan in besonder gemaak op trauma.
- Die Bybelstudie by Huis Eikelaan staan oor tot verdere kennisgewing.

**EREDIENS HUIS EIKELAAN**

**Ds Koos Mouton** sal DV volgende Sondagmiddag voorgaan tydens die erediens in die kapel by Huis Eikelaan om 15:30.

**EREDIENSTYD**

Maak asb. 'n nota dat die aanddiens vanaf Mei tot Augustus vervroeg na 17:00.

**Gesamentlike Hemelvaart erediens**

Gesamentlike erediens met GK Potchefstroom-Suid DV Donderdag 14 Mei 2026 om 19:00 in ons kerkgebou.

Dr. RM van der Merwe sal voorgaan. Onder toesig van Suid.

# VAN ONS SUSTERS

- Ons volgende **pannekoekbakgeleentheid** is DV op 6 en 7 Junie. Jy kan solank bestanddele bring as jy wil. Die baklys sal eersdaags in die saal beskikbaar wees.
- Ek herinner aan ons verkoping wat vanjaar DV op 20 Junie, in die vorm van 'n **Winterfees** plaasvind. Kry solank jou planne en goedjies reg, die tyd hardloop. Die verskillende tafels se sameroepers se lyste is op pad!
- **Nagmaalete** op 17 Mei: Groep 2, wyke 1, 5, 7 en 8.
  **Spyskaart:** Beespotjie met rys, mengelslaai, broodrolletjies met botter en konfyt. Nagereg: Gebakte sjokoladepoeding met roomys.

Gee asb julle name vir die nagmaalete by Malie en Pieter op.

'n Geseënde week vir elkeen!
Groete Alta

**WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?**



Die Susters van wyke 6 & 7 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

